DIE LOUWTJIE
Skoolkoerant van die Laerskool Louw Geldenhuys
Uitgawe 1 van 2025

Smullekker snoepie slaag die proetoets

Daar is iets opwindend in die lug by Louwtjies en dit ruik na varsgebakte koekies, kaasbroodjies en vars bessies. **Isabella Verwey** en **Sunette Janse van Rensburg** het by die blinknuwe snoepie ingeloer.

Min dinge is so lekker soos wanneer jy die dag iets by die snoepie kan gaan koop.

Dis nog lekkerder vandat die snoepie danksy twee Louwtjie-ma's 'n *make-over* gekry het. Hier is ses snoepie-feite:



Supersnoepie-tannies

Twee Louwtjie-ma's, tannie Cindy Loubser en tannie Nina van Tonder, is die dryfkrag agter ons splinternuwe snoepie. "Wat as 'n stokperdjie begin het, het vinnig in 'n resiesperd verander," vertel Nina.

"Ek het een aand vir Cindy gebel en gesê die snoepie pla my, maar ek sien nie kans om dit alleen aan te pak nie, en sy voel toe presies dieselfde," sê sy.

Cindy sê met haar ervaring by die Robindale Spar en Nina se agtergrond in spyseniering, het sy geweet hulle kan 'n sukses van die snoepie maak.

Die snoepie-tannies se dogters, Adele Loubser en Alet van Tonder (in graad 6 en graad 4), sit ook soms hand by in die snoepie.

"Dit is lekker om na skool te help en om te sien hoe alles agter die skerms werk," sê Adele.



Louwtjies se snoepie-gunstelinge

Die groot wenners? Slaptjips, *toasted cheese*-broodjies, bessie-koppies en natuurlik die enorme *choc chip*-koekies wat soms al voor pouse uitverkoop is.

Kies gesond en maak jou ma trots

Daar is nou gesonde, en lekker, opsies by die snoepie soos vars gesnyde mango in bakkies, appels en piesangs.



Foto's: Rosanne Ford

Hoeveel slaptjips eet die Louwtjies?

Al is die presiese getalle van slaptjipsverkope 'n handelsgeheim, weet ons die tjipsmasjien werk baie hard en dat die kinders in vier toue staan om by die toonbank te kom.

Die gewildste snoepiedae

Op Donderdae en Vrydae is die snoepie gereeld stampvol. Wees vroeg daar as jy jou gunsteling happies wil kry.



Eet met 'n uitsig

Louwtjies het seker een van die skoolsnoepies met die mooitse uitsigte oor Johannesburg. Tannie Cindy en Nina sê hulle is mal oor die mooi nuwe gebou en al is dit klein, dink hulle heeltyd aan planne om die meeste van die spasie te maak.





Njam-njam-njam!

Hier is wat 'n paar skoolkinders oor die snoepie te sê het:

Lisa Kannenberg in graad 4 sê die snoepie is mooi, die kos is baie lekker (hoender mayo- broodjie, ons praat van jou), en die tannies is vriendelik.

Christopher Britz in graad 5 sê goed by die snoepie kos minder en is baie lekkerder as voorheen. "Daar is 'n groter verskeidenheid en die tannies is geduldig as jy nie kan besluit wat jy wil hê nie."

Thomas Coetzer in graad 6 sê die *choc chip*-koekies is "GROOT" en dat die snoepie nie meer so duur is soos in die verlede nie.

Wehlia Ackroyd in graad 7 kan nie wag om haar hande op die *choc chip*-koekies se resep te kry nie. Sy geniet die gesonde opsies en die tjippies en hou van die verpakking van die pastaslaai. "Die tannies is oulik!"

Kontak ons by dielouwtjie@gmail.com

Redaksie 2025




Romé Pretorius, graad 7


Amelia Uys, graad 5


Lize Gerber, graad 7


Quwen du Plooy, graad 5


Sunette Janse van Rensburg, graad 7


Isabella Verwey, graad 6


Ruard Raath, graad 7


Anya Pretorius, graad 5


Andreas Coetzee, graad 7


Noag Kriel, graad 5


Anouk vd Merwe, graad 5

Wat graad 7's oor hul twee nuwe vakke dink

Lize Gerber

Om nuwe dinge te leer kan moeilik wees. Die graad 7's kry elke jaar twee nuwe vakke, Ekonomiese Bestuurswetenskappe (EBW) en Tegnologie (Teg) by waarvan hulle nog nooit eintlik gehoor het nie.

Hier's wat so paar graad 7's te sê het:

"Ek het bietjie geskrik toe ek gehoor het dat ons twee nuwe vakke kry, maar dit was eintlik nie nodig nie," sê **Shaun Barrows**. "Juf. Betsie Dietrechsen (**foto**) maak EBW lekker met die manier hoe sy verduidelik en mnr. Dillan van Wyk laat ons take doen wat jou meer leer oor tegnologie. Al die take wat ons doen in hierdie vakke is pret, maar die slegte deel van die klasse is al die afskryf-werk..."

"Toe ek uitgevind het ons het twee



nuwe vakke, het ek gedink dit sal moeilik wees, maar dis eintlik lekker," sê **Kyla Laing**. "Juf. Betsie maak EBW verstaanbaar en die beste deel van Teg is die bouwerk, want jy moet kreatief wees). Die slegste ding van die vakke is 100% die leerwerk. Ek kom goed reg met EBW en Teg is okei, maar dis nie vir my nie ..."

"Ek geniet die nuwe vakke verskriklik, veral die praktiese dele in Teg en die konsepte in EBW, maar al die skryfwerk en sleutelwoorde kan baie wees," sê **Stefan Basson**.

"Mnr. Dillan help altyd, al vra jy die domste vraag en juffrou Betsie se uitkyk op EBW maak dit oor die algemeen baie lekker. As ek kon, sou ek ten minste nog een periode bysit sodat ons meer kan fokus op elke vak en meer leer."

"Ek geniet hierdie vakke baie," sê **Adri Wolff**. "Albei vakke kan baie nuttig wees, maar ons kry baie huiswerk. Ek geniet die boekhou gedeelte van EBW en aansigte waarvan ons leer in Teg. Juf. Betsie is baie opgewek, jy kan sien sy geniet EBW en mnr. Dillan is baie rustig en bereid om die werk weer en weer te verduidelik."

Oulike onnies met oemf

"Watter animasie-karakter dink jy sou jou juffrou wees?", het **Amelia Uys** en **Anya Pretorius** vir 'n paar junior-maats gevra.





"Juffrou Anelle (Vorster) laat my dink aan Bluey se sussie Bingo, want hulle is altwee ewe oulik."
- Sebastian Britz, graad 1





"Ons juffrou, Stephanie (Liebenberg), laat ons dink aan Minnie Muis, want sy is net sommer 'n lekker juffrou net soos Minnie."**- David Rautenbach en Amelie Botha, graad R**



"Hondman, want juf. Meghan (Diffenthal) sal baie goeie polisie wees."
- Hugo Opperman , graad R











"Juffrou Leonie (Neveling) laat my dink aan Bluey, want sy is supersnaaks en kreatief." **- Kara van Jaarsveld, graad 1**

"Juffrou Anri (Terblanche) is definitief Mickey Muis, want sy leer vir ons goeie lesse, soos Mickey."
- Elfriede Lategan, graad 2



"Juffrou Delize (Jordaan) is soos 'n Smurf, want sy is die Smurfie-klas se juffrou." **- Finn Rademeyer, graad 2**







"My juffrou, juf. Kyala (Rossouw) is net so avontuurlustig soos Moana."
- Grethe Oberholzer, graad 3





"Juffrou Marienè (Jansen van Vuuren) is net so *cool* soos Spiderman."
- Hunter Naudé, graad 3

SPOTPRENT: Andreas Coetzee en Ruard Raath



Mini mnr. Bensch 'stry voort' oor pouses

Die veelsydige Lian Grobler het verlede jaar die rol van mnr. Bensch in die revue gespeel. Hy praat al van kleins af maklik voor mense. **Ruard Raath** het Lian so bietjie beter leer ken.



Hoe het jy gevoel toe jy die Superreeks-redenaars wen?
(*Lian het op 5 Maart aan die finaal deelgeneem. Sy tema was 'Te veel reëls maalkolk tieners'.*)
"Ek was geskok. Ek het nie gedink ek sal wen nie!"

Wat is jou geheim om so goed te doen in redenaars?
"Om dit te geniet en baie hard te oefen."

Is jy nooit bang om voor mense te praat nie?
"Ek is nog 'n bietjie bang, maar redenaars help baie."

Enige raad vir kinders wat bang is om voor mense te praat?
"Geniet dit, weet Liewe Jesus is altyd by jou. En oefen!"

Jy het verlede jaar die rol van mnr. Bensch in die revue gespeel. Vertel ons meer?
"Dit was baie lekker. Ek kon *breakdance* en almal herken my nou, selfs die graad 1's!"

Grappie, maar as jy mnr. Bensch was, wat is die kans dat jy die pouses sou kon langer maak?
"Dis moeilik om te sê, maar die stryd gaan voort!"

Wat is jou gunsteling-sport?
"Hokkie by die Shumbas-klub, want daar is nuwe mense om te ontmoet en al my vriende is daar."

Wat is jou gunsteling vak?
"Wiskunde, want jy speel met nommers."

Jy het tienersussie, Jené. Hoe voel dit om 'n tienersuster te hê?
"Aaklig, want hulle is *cheeky* en irriterend!

Wie is jou grootste rolmodel?
"My pa, Jean. Hy is 'n goeie persoon, want hy is lief vir my ma, Anli, en doen nooit iets halfpad nie."

Wat is vir jou die lekkerste pouse-broodjie?
"Grondboontjiebotter!"

Snoepietannie het Louwtjies sien groei

Tannie Faith Filand werk al 32 jaar lank by Louwtjies se snoepie, skryf **Anouk van der Merwe**.

Wat dink tannie van die Louwtjies?
"Ek is baie lief vir die Louwtijie-kinders, want hulle het respek."

Het tannie kinders? "Twee seuns, die oudste een, Emmanuel Mkhonto, is 26 en die jongste, Makhosini Mkhonto, is 19."

Waar kom tannie vandaan en hoe lank woon tannie al in Johannesburg? "Ek is in Wakkerstroom gebore, maar ek woon al 40 jaar in Johannesburg."

Het die skoolsnoepie baie verander deur die jare? "Die snoepie het baie groter geword en dit was nie altyd so gewild soos nou nie."



Wat is die lekkerste ding om te maak en waarvan hou tannie nie?
"Om roosterbroodjies te maak met ham en kaas, hoender mayo en kaas en tamatie. Ek hou nie daarvan om te sit en niksdoen nie!"

Wat dink tannie oor die meer gesonde opsies by die snoepie? "Dit is vir my baie lekker om gesonde kos te maak, want die meeste mense word siek van ongesonde kos. Die kinders hou van gesonde kos."

Wat is die lekkerste ding om by die snoepie te eet? "Ek hou baie van hoender-en-spekslaai en hoenderpastaslaai."



Het tannie stokperdjies? "Wanneer ek by die huis is bak ek gemmerkoekies en werk in die tuin.

Afrikaans-klas se 'Kari Bucks' is goud werd

Sunette Janse van Rensburg & Lize Gerber

Om raas te kry as jy stout was by die skool is nie lekker nie, maar dis baie lekker as iemand raaksien wanneer jy iets goed of reg doen.
Daarom het die Afrikaans-juffrou, juf. Kari van Straaten, die idee vir die geldeenheid Kari Bucks ontwikkel.
"Dis fisies 'n geldjie wat ek druk en lamineer," sê juf. Kari. "Elke geldkaartjie het een waarde wat spandeer kan word in die snoepie in die klas."



Kari Bucks word uitgedeel vir goeie gedrag. As iemand baie hulle hand opsteek in die klas en deelneem, word dit beloon en as juffrou sien jy help 'n klasmaat, is 'n Kari Buck soos 'n dankie daarvoor. Die snoepie in die klas het kleiner produkte soos fizzers en liniale en duurder items soos *slabs*.
"Jy kan spaar vir die groot geskenk, 'n sokkerballetjie of handsak. Die meeste kinders doen dit," sê juf. Kari.



Sy het die idee vir die geldeenheid gekry toe sy agtergekom het "stoute kinders" kry inskrywings, maar soet kinders kry nie sommer erkenning nie.
"Ek het al na universiteit met Kari Bucks begin," sê sy. "Ek het die oulikste dosent op universiteit gehad wat gesê het jou persoonlikheid sal deurkom in jou klas, jy moet net bepaal hoe. Jy kan kies om jou slegte dae te laat wys in die klas, ryof om jou kreatiwiteit en al die lekker te laat uitkom in die klas."
Juf. Kari glo Kari Bucks werk soos 'n bom, want daar is nie dissiplinêre probleme in haar klasse nie.

Ons het met 'n paar graad viers gesels om te hoor wat hulle van Kari-Bucks dink.

Hou jy van Kari-Bucks en kon jy al jou KB uitgee?

- **Yvonne Truter:** "Ja, want ek kan dan goedjies koop!"
- Lila van der Waal: "Ja, omdat dit jou goed laat voel. Ek het nog niks gekoop nie."
- **Luca Human Maré:** "Ja, want dan kan leerders nuwe goed koop, soos 'n bal! Ek spaar vir 'n voetbal-bal wat 8 KB kos - ek het nog vier nodig."
- **Hano Karstens:** "Definitief, omdat jy pryse kan koop as jy soet is. Ek het al Fizzers gekoop."

Dink jy elke vak/ klas moet 'n geldeenheid hê?

- **Yvonne:** "Ja, want 'n geldeenheid sou klas meer opwindend maak."
- **Lila van der Waal:** "Nee, want ek voel dit maak die Afrikaans-klas spesiaal."
- **Luca:** Beslis, want dit is lekker en leer vir die kinders goeie maniere."
- **Hano:** "Ja, omdat dit meer fokus op die positiewe."

Strokies uit Andreas Coetzee se pen (Idees ontwikkel saam met Ruard Raath)





Superkoel tegno-platform laat skool gons

Met pret en tegnologie maak Purple Mash leer by Louwtjies nog lekkerder, skryf **Noag Kriel**.

Papgedrukte pers aartappels vir aandete klink nogal grillerig (lees die spotprent op bl.5!), maar Purple Mash is 'n nuwe leer-hulpmiddel by Louwtjies, waarvoor kinders beslis nie ons neuse optrek nie.

Purple Mash (PM) is 'n aanlyn platform wat leerders help om hul vaardighede te verbeter in vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Engels. Dit word gedoen op 'n kreatiewe, vermaaklike manier.

PM word al hoe meer gewild in skole regoor die wêreld, en sedert dit hierdie jaar by Louwtjies gebruik word, is dit nie moeilik om te sien hoekom nie.

PM word nie net in klaskamers gebruik nie, maar is ook daar om skoolwerk by die huis in te oefen.

Jy is een uit (2) miljoen

Die skepper van PM was Nigel Canin, 'n voormalige laerskoolonderwyser van Brittanje. Sy droom was om 'n platform te skep wat kinders kan help om beter te kan leer, terwyl hulle dit ook touwys maak oor rekenaars.

Sy maatskappy, 2Simple, is in 1999 gestig en teen 2022 is dit al gebruik deur 2 miljoen leerders in meer as 9500 skole regoor die wêreld, in lande soos Amerika, Australië en Spanje.



Wat dink Louwtjie-leerders?

So paar Louwtjies het my vertel wat hulle dink van PM:

Allen du Toit (graad 4): "Dit is baie interessant en maak my lus om meer te leer. Ek hou die meeste van die pizza monster-speletjie."

Lila van der Waal (graad 4): "Dit is 'n baie interessante platform en dit is veilig vir kinders om te gebruik. My gunsteling-speletjie is die 'Funky Platforms'." (*Funky Platforms is 'n wiskunde-speletjie waar jy saam met jou eie monster maal en deelsomme doen.*)

Jack Bunce (graad 5): "Dit is 'n lekker manier van leer. Ek geniet die Wiskunde- tafeltoetse baie."

Chenika Ferreira (graad 5): "Dit het 'n groot verskeidenheid speletjies en aktiwiteite, maar my gunsteling is die Little Learners-lees."

Wat kan jy op Purple Mash doen?



- **Speel speletjies:** Verbeter jou wiskunde-kennis, spelling en logika met die groot verskeidenheid opvoedkundige speletjies.
- **Wees kunstig:** Jy kan jou kreatiwiteit uitdruk deur digitale kunswerke te maak, te teken en in te kleur.
- **Skryf stories:** Wees die skrywer van jou eie avonture terwyl jy jou taalvaardighede opskerp en jou verbeelding gebruik.
- **Wees 'n programmeerder:** Die platform stel jou in staat om basiese programmerings-vaardighede te leer. Jy kan jou eie speletjies ontwerp en begin leer hoe om met rekenaars te kommunikeer.



Louwtjies hou by met leer-tegnologie

LLG kyk al die afgelope drie jaar na Purple Mash as "oplossing" vir ekstra leerondersteuning, sê die skoolhoof mnr. Martin Bensch.


"Daar is min soortgelyke programme in Suid-Afrika beskikbaar en verbruikers word toegelaat om voorstelle te maak oor hoe om die program uit te brei en ontwikkel," sê hy. "PM het 'n databasis van akademiese materiaal wat onderwysers kan gebruik. Hulle kan dit ook self aanpas en inhoud byvoeg volgens die klas se behoeftes."

Volgens mnr. Bensch is PM gegrond op die CAPS-kurrikulum, wat staatskole soos ons s'n gebruik.

"Dit is ook een van die enigste programme wat die kurrikulum vir Robotika en Kodering insluit."

Juf. Chantelle Liebenberg, graad 4.1 se onderwyser, maak gereeld gebruik van PM in haar klaskamer. Elke leerling in die klas het 'n tabletrekenaar. Sy glo dit prikkel belangstelling, verbeter hoe kinders met tegnologie werk en help leerders om skoolwerk vinniger te verstaan en uit die boks te dink.

Kleur my in




WOORDSOEK

VIND DIE WOORDE

M	N	R	B	E	N	S	C	H	A	G	J	R	Y	J	P
O	F	S	R	Z	S	N	O	E	P	I	E	G	K	J	O
E	C	F	K	D	S	U	L	S	X	M	R	Z	R	B	U
D	B	V	W	V	A	K	A	N	S	I	E	Q	T	Y	S
E	G	H	J	X	V	W	G	R	K	S	H	Y	G	E	E
R	N	M	R	J	E	A	H	K	O	P	E	D	A	G	Q
S	Z	C	R	U	E	R	E	G	O	K	L	S	V	N	V
D	T	R	E	F	Z	T	H	G	L	S	A	A	H	J	R
A	I	O	D	F	F	A	A	W	G	W	G	H	J	V	I
G	N	E	G	R	N	A	L	A	G	K	U	N	S	H	E
M	J	L	R	O	H	L	N	D	S	J	F	G	I	X	N
A	G	H	J	U	F	S	G	J	E	J	J	U	T	S	D
W	I	S	K	U	N	D	E	U	S	H	S	H	R	N	E

- vakansie
- opedag
- moedersdag
- Mnr. Bensch
- wiskunde
- kuns
- vriende
- snoepie
- juffrou
- skool
- kwartaal
- pouse



Help!

die LLEGO-mannetjie om uit die doolhof te ontsnap!

Onnies se goeie (en flou) grappies

ha ha ha

Andreas Coetzee en Quwen du Plooy

Ons kan altyd staatmaak op ons onnies om goeie humorsin te hê. Ons het so paar van die Louwtjie onnies gevra om hulle beste grappe met ons te deel:

Mnr. Philip

Vraag: "Wat is groen en sing mooi?"
Antwoord: "Elvis Parsley"



Prentjie: Quwen du Plooy

Mnr. JC



Seuntjie: "Pappa, ek het net gewonder hoekom sussie se naam Roos is?"
Pappa: "Want Mamma hou baie van rose"
Seuntjie: "Dankie Pappa, ek verstaan nou"
Pappa: "Ag dit is 'n plesier KFC-Streetwise-met-tjips."


(* Grappie aangepas...)

Mnr. Jaco



Vraag: "Wat noem jy 'n tor wat in die rondte draai?"
Antwoord: "'n TORnado!"

Juf. Penny




Vraag: "Wat is 'n Wiskunde-onnie se gunsteling kitskos?"
Antwoord: PI

HAHAHA

Klaskenades

Deur Sunette Janse van Rensburg


1



2



3











Gr. 2 FTC Modderfontein

Instappies








Gr. 7-balkieseremonie














Hardop lees-dag






Valentynsdag
Breek 'n Reël - Mnr. B. Verjaar!
It's my Birthday
Louwtjie Sport
TOERE!!!

Raad van 'n (paar) maat(s)

Stres jy oor die eksamen? Hier's hulp!

Dis amper eksamentyd en redaksielede van ***Die Louwtjie*** het vir jou oorlewingswenke bymekaargemaak.

1 Resep vir ekstra breinkrag

-Anouk van der Merwe-

Sjokolade Smoothie

(Maak 2 porsies)



Bestanddele

50 g sjokolade poeier
1 piesang, geskil
4 eetlepels grondboontjiebotter
1 koppie jogurt
1 koppie melk
2 eetlepels heuning
2 koppies ys

Métode

- Sit al die bestanddele in 'n versapper en meng goed tot alles fyn is.
- Gooi in 'n lang glas en bedien met 'n strooitjie.

(*Resep van Oom Toerie van der Merwe van Njam!*)

2 Strek jou eksamen-angs weg

-Amelia Uys-



Voor ons weet is dit weer eksamentyd en julle weet wat dit beteken: heeldag op jou agterstewe sit en leer. Soveel ure se stilsit en leer (dit is nou as jy goeie punte wil kry) kan jou spiere nogal styf en seer laat raak. Soos ons leer in Afrikaans, is dit altyd 'n goeie idee om twee vlieë met een klap by te kom. Hierdie strek-oefeninge gaan nie net die stywe lywe regruk nie, maar ook jou ma eindeloos beïndruk!

Tyd om te strek!

1. Staan op van jou stoel, buk af, raak aan jou tone, en terwyl jy daar onder is tel sommer iets van die vloer af op en bêre dit in die kas.
2. Loop kombuis toe en gaan was die skottelgoed om jou vingers te strek.
3. En laastens, iets om die bloed behoorlik te laat vloei: 'n bietjie stofsuig of vloere mop is goed vir suurstof na die brein.

Hoop hierdie wenke laat jou punte net so mooi blink soos jou huis!

3 Haal asem en onthou die antwoord

-Anya Pretorius-



Ek's in 'n toets... ek weet nie wat om te doen nie... ek ken nie die antwoord nie... ek het ál die antwoorde vergeet... ek is onseker oor hierdie antwoord. EK DINK EK GAAN DRUIP!
Wag 'n bietjie, wat het oom Hennie nou weer vir ons gesê by die studiekursus? O, ja:
"Maak jou oë toe, haal diep asem en dink aan die see. Dink aan die golwe wat jy hoor, wat 'shoo-shoo-shoo'. Dink aan hoe die sand voel wanneer dit deur jou tone gly."
"Voel die sand wat aan jou bene plak as dit nat is.
Dink aan wat jy sien: jy sien krappe, jy sien sand en jy sien net water .
Dink aan wat jy proe, die soutwater as jy swem en haal nogsteeds diep asem.
Dink aan wat jy ruik, die see se sout water en die sonbrandroom
Haal weer diep asem en maak jou oë oop."

Pheeuw, jy onthou weer al die antwoorde!

4 Leer jou lysies

-Noag Kriel-

Die beste manier om studielyste en opsommings beter te onthou is deur prentjies in jou kop te maak van net die belangrikste inligting en woorde op jou studielyste. Fokus dan slegs op die kernwoorde en konsepte deur middel van rympies en illustrasies.

Tel tot by tien...

Hier is 'n leermetode van een van die Habitat se opvoedkundige sielkundiges, oom Hennie Vorster:
"Ek vat woorde wat met die nommers 1 tot 10 rym: Wanneer ek prentjies in my kop gemaak het met hierdie woorde is dit maklik om 'n nuwe lys woorde of konsepte by hierdie prentjies te voeg.

1 = been (*hoe kom been en brood bymekaar uit - ek kan 'n prentjie sien van 'n brood waarin 'n been gedruk is*),
2 = vee (*ek sien die besem wat melk opvee*), **3** = rugby drie;
4 = vuur (kampvuur); **5** = kuif; **6** = bles;
7 = bewe; **8** = nag; **9** = *dine* (Engelse woord wat rym met 'nine'); **10** = dien (om die Here te dien of om te dien in tennis).

Jou kitsgids om tienertaal te verstaan

Lees gou die WhatsApp hier onder. As jy dit verstaan, is jy seker 'n tiener soos **Romé Pretorius**.

Die meeste grootmense sit met groot vraagtekens in hulle kop as hulle na die boodskappe op op die skerm hier langsaan kyk.

Tienertaal is moeilik vir ouers om te verstaan en niemand weet regtig wie het met die woorde opgekom nie. Tien teen een, hoor kinders dit by TikTokkers en ander sosiale media-sterre. Hier is 'n gids om grootmense (en kinders) te help sin maak van tienertaal wat in die skoolgange gebruik word.



Sigma: Regte definisie: 'n Wiskundige-som.Tiener-definisie: Iets of iemand wat goed/ *cool* is. Voorbeeld: "Jou huis is *sigma*."

Drippy: Dis amper dieselfde as "*sigma*", maar dit verwys meer na jou smaak en styl. Voorbeeld: "Jou *outfit* is *drippy*."

Cook: Wanneer jy iets baie goed doen. Voorbeeld: "Jeff *cook* in hokkie."



Spotprent: Quwen du Plooy

Awe: Dis 'n manier om hallo te sê vir 'n vriend. Voorbeeld: "Awe, Larry."

Rizz: Wanneer jy iemand probeer beïndruk om van jou te hou. Voorbeeld: "Hy het haar so erg op ge*rizz*."

Pookie: Jou beste vriend/ kêrel/ nooi of net iemand wat jy baie goed ken. Voorbeeld: "Ek en my *pookie* gaan môre Spur toe."

Cap: Iets wat nie waar is nie. Voorbeeld: "Hou op *cap*, Faf is beter."

Sus: 'n Afkorting vir "*suspicious*". Voorbeeld: "Hy lyk nogals *sus* vandag."

Goat: Afkorting vir 'Greatest Of All Time'. Voorbeeld: "Hy is die *goat* in swem."


Dip: As jy of iemand anders weggaan iewers. Voorbeeld: "Hulle het gister net ge*dip*."

'n Boek 'n dag laat die dokter wag


Isabella Verwey

Of jy weggaan die vakansie of by die huis bly, hier is 'n paar boeke wat verseker die koue – en die dokter – gaan weghou.

***Harry Potter and the Philosopher's Stone* deur J. K. Rowling**



Hierdie boek is vol avontuur. Dit leer jou lewenslesse oor dinge soos vriendskap; dat mag nie alles is nie, en dat 'n mens nooit moet opgee nie. Vir kinders vanaf 9-jaar oud.



***Die aardigste onnies op aarde* deur David Walliams**

As jy al ooit 'n *weird* onnie gehad het, dan is hierdie die boek vir jou. Van onnies wat 'n fobie het vir kinders, tot half-monster onnies met grusame gewoontes... Hierdie is 'n lekkerleesboek vir kinders vanaf nege jaar.



***Blou Maandag* deur Jaco Jacobs**

Blou Maandag voel soos 'n dag in mens se eie lewe – daar is soveel wat kan fout gaan – soos 'n pen wat uitloop of 'n hamster wat letterlik jou huiswerk opeet. Maar dit herinner mens ook dat alles nie so erg is nie. Die boek is maklik om te lees en perfek vir kinders van sewe jaar oud af.



***Oh, The Places You'll Go* deur Dr. Seuss**

Met kleurvolle prentjies en kort paragrawe wat jou oor die uitdagings van die lewe laat dink en hoe om dit te oorkom, is hierdie boek perfek vir slaaptyd – of sommer net as jy iets soek wat jou opbeur. 'n Moet-lees boek vir almal vanaf 1 tot 99.

Raa(th) van 'n maat

Lees is ~~nie~~ koel ~~nie~~



Ruard Raath

In 'n wêreld van YouTube, Tik-Tok en Roblox kla baie mense deesdae dat lees 'n straf is. Maar vir my is lees een van die *coolste* dinge waarmee jy jouself kan besig hou! Lees maak jou nie net slimmer nie, maar ook meer kreatief. Dit gee jou interessante ervarings waarvoor jy nie duur hoef te betaal nie, dit help jou om snags vinnig aan die slaap te raak en dit maak van jou 'n gelukkiger kind.

Wat's die punt?

Die vraag is: "Hoekom moet ek lees?" As dit nie vir lees was nie, sou ons nie geweet het waar ons vandaan kom nie en ook nie van nuwe uitvindings soos Elon Musk se opwindende Starship-vuurpyle of die dag se nuus nie. Lees brei jou woordeskat met nuwe woorde uit en help jou om deel te neem aan interessante gesprekke.

Lees laat jou vlieg saam met Tandloos die draak oor Berk-Eiland (uit ***Hoe om jou draak te tem* deur Cressida Cowell**) of laat jou rondkruip in die waterpype onder Hogwarts saam met J.K. Rowling se Harry Potter op soek na die ***Kamer van Geheimenisse***.

Hoeveel geld sou dit kos om die een of ander bekende mens wat jy bewonder te ontmoet? Baie né?



Wel, in 'n ware lewensverhaal kan jy jou held vir baie goedkoper ontmoet en hom selfs beter leer ken. Al sy sienings en idees is in só 'n boek opgesom. Terwyl jy lees oor jou held, brei jy sommer ook jou woordeskat uit. Vroeër sou jy dalk met 'n mond vol tande gestaan het en nie geweet het wat om te sê nie, maar met soveel nuwe feite in jou kop, kan jy nou deelneem aan interessante gesprekke.

Slaaptyd-stories

Het jy al ooit gesukkel om te slaap? Wel lees help ook daarvoor! As jy 'n boek lees voordat jy gaan slaap, help dit jou brein om af te skakel en om op te hou stres oor môre se toets. Maar bly eerder voor slaaptyd weg van rillers!

Vir jou 'tweede brein'

Lees maak jou ook meer kreatief, want dit prikkel jou verbeelding en daag jou uit om anders te dink oor gewone dinge. As ek myself probeer wegskeur van 'n boek is dit amper asof ek my tweede brein uit my kop moet haal!

Die ***Keepers of the Lost Cities*-reeks deur Shannon Messenger** is 'n goeie voorbeeld want jy voel letterlik asof jy van 'n ander planeet terug aarde toe moet kom.

Lees kan jou ook gelukkiger maak, want maak nie saak wat jy lees nie daar is altyd iets om oor te lag. As jy eendag so hartseer soos 'n omgedopte tragedie voel, lees 'n snaakse boek. Jou glimlag keer dalk net terug!

Een voorbeeld van 'n snaakse boek om te lees is ***Code Name Bananas* deur David Walliams**. Dit het my hardop laat lag.

Moenie dat moeilike boeke jou afskrik nie. Die eerste boek wat ek gelees het was 'n *Tippie*-boek met tien bladsye. En lees waarvan jy hou – of dit nou 'n tydskrif, of boeke is oor visvang of klippe. Solank jy net weet die leesgogga gaan nie laat los as hy jou eers gebyt het nie.

Skryfkompetisie!

Die Louwtjie is sommer baie opgewonde om ons heel eerste skryfkompetisie aan te bied. Ons gaan die oulikste gediggies publiseer (in die volgende koerant/ 'n nuusbrief).

Hoe werk dit?

- **Afdelings:** Gr.R & 1; gr.2 & 3; gr.4 & 5 en gr.6 & 7. Die reëls is dieselfde vir al die afdelings. Lees dit mooi deur.
- **Tema:** Skryf 'n gediggie (rympie) van twee tot vier reëls (sinnetjies) oor die tema 'My skool'.
- Jy kan uit die boks dink, met woorde speel, snaaks wees, of ernstig. Die keuse is joune!
- Ma's en pa's mag help by die kleiner maats (gr.R tot 3), maar moenie namens jou kind iets skryf nie en moenie vir ChatGTP vir hulp vra nie. Kinders (selfs die heel kleintjies), kan definitief al self met woorde speel en kreatief wees. Ma en pa mag maar die woorde tik.
- Tik jou gediggie in 'n Word-dokument.



- Leerder se naam, van, graad en 'n kontaknommer moet bo-aan die dokument wees (super-belangrik!).
- E-pos inskrywings aan dielouwtjie@gmail.com.
- Slegs een inskrywing per kind.
- **Sluitingsdatum:** Maandag, 23 Junie.
- **Pryse:** Draairoomyse vir elke afdeling-wenner van Njam! Eatery in Linden en boekpryse van Lapa-uitgewers.

Lekker skryf!

Is dit 'n voël of 'n vliegtuig? Nee, dis 'n Britz

By Louwtjies weet ons al die Britz-boeties is blitse. **Ruard Raath** het met Christopher Britz, in graad 5, oor sy liefde vir sport gesels.

Jy het by die SA's sesde gekom in die 1200m en 'n persoonlike beste tyd behaal (3:47). Jy was ook sewende in die verspring. Hoe het dit gevoel?
"Ek was redelik gespanne voor die tyd, maar dit was ook pret om weer teen my ou teenstanders deel te neem."

Waarvan hou jy meer, verspring of 1200m? Neem jy deel aan enige ander sportsoorte?
"As ek regtig sou moes kies (moet net nie vir mnr. Jan vd Merwe sê nie) sal ek sê verspring, want dit voel vir my jy word nie gou moeg nie en dis vinnig verby."

Behalwe vir atletiek, het jy 'n ander gunsteling?
"Ja, ek speel krieket, tennis, rugby en swem, maar my heel gunsteling sport is sokker, want dit voel vir my daar is energie in die spel."



Sportdrome:
"Ek wil aan die Olimpiese Spele deelneem of 'n professionele sokkerspeler word, want ek wil raakgesien word in die wêreld."

As jy en jou gesin 'n resies teen mekaar sou hardloop, wie sou wen?
"My ouer boetie Alexander (in graad 9 by Hoërskool Linden), want hy is vier jaar ouer as ek en hy is ook baie atleties."

Wat eet jy gewoonlik voor 'n groot wedloop om jou energie te gee?
" 'n Piesang. Dit gee al die regte minerale."

Hou jy meer van roomys of sjokolade?
"Daai is 'n moeilike vraag, maar ek sou seker maar sjokolade kies, want ek hou daarvan as al die geure so in my mond ontplof."

Het jy 'n held?
"Ja, die professionele sokkerspeler Erling Haaland, want hy speel nie net met sy brein nie, maar ook met sy lyf en hy sit energie in die spel."

Rubriek

Wen met eer, verloor met trots



Sunette Janse van Rensburg
Ek dink elke sportman of -vrou kan vertel van daai een wedstryd toe alles net skeefgeloop het. Ek weet ek kan! Jy gee jou heel beste, maar niks werk nie, die skeidsregter sien net jou span se foute raak, en een van die ma's is baie ontsteld langs die baan... Daardie oomblikke laat mens wonder: 'Is sport die moeite werd?'
Wat beteken dit om 'n goeie sportman te wees? Is dit om die ander span met respek te hanteer of om iemand wat op die baan geval het te help, al is hulle nie in jou span nie? Albei hierdie voorbeelde is reg, maar sportmanskap gaan oor nog baie meer. Die woordeboek definieer sportmanskap as: "Regverdige en respekvolle optrede teenoor mededingers, asook grootmoedigheid, al verloor jy of jou span."
'n Goeie toets is om jouself te vra: "Sou ek dit reg of regverdig vind as iemand anders iets aan my doen?" As die antwoord "nee" is, is dit waarskynlik nie goeie sportmanskap nie.
Sportmanskap beteken ook dat jy nie 'n *sore loser* moet wees nie. Ons is soms vinnig om die skeidsregter te blameer, maar hulle is ook maar net mense.
Al word mens soms moedeloos, is dit belangrik om nie kwaad te word as ander foute maak nie. Selfs die Springbokke maak foute. Wat belangrik is, is hoe ons op daardie foute reageer.
'n Goeie sportman gebruik foute as 'n kans om beter te word, vra om verskoning as dit nodig is, en wys respek vir ander – selfs in moeilike oomblikke.
Hier is nog so 'n paar wenke:

- Onthou: niemand perfek is nie, nie jy, jou spanmaat of die skeidsregter nie.
- Aanvaar wanneer jy verloor en wees nederig wanneer jy wen.
- Moenie grootpraterig wees teenoor die ander span nie.
- En die belangrikste: geniet dit! Dis net 'n speletjie - deur jou beste te gee, is jy reeds 'n wenner!

Ek speel sport omdat dit vir my lekker is – dis waar ek energie kan verbrand, vriende maak en leer hoe om in 'n span te wees. As dinge lelik raak op die veld, verloor jy in elk geval.


Pret, passie en baie prestasie vir steratleet

Charlotte Spangenberg in graad 5 se ster skyn helder in alles van atletiek, tot hokkie en netbal en van landloop tot tennis. Sy het **Lize Gerber** se prettige vrae beantwoord.

Wanneer het jy aan sport begin deelneem?
"Ek het by Louwtjies begin met atletiek, hokkie en netbal. Tennis oefen ek by *coaches* Ryan, Stan en Veronique.
In graad 3 het ek met landloop begin omdat my ma gesê het ek moet fikser word vir atletiekseisoen."

Wat is jou trotste sport-oomblikke en jou grootste sportdroom?
"Hierdie jaar het ek vir Johannesburg Hokkie Liga se Mzansi Hawks gespeel en 'n doel geskiet. Ek het ook na die Gauteng-atletiekkampioenskap deurgedring vir verspring. My droom is om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse atletiek-kampioenskap."

Wie is jou rolmodel in sport?
"Juffrou Lauren van Breda (**foto**) leer my baie van skool en sport. Sy is verskriklik gaaf en oulik en ek wil eendag 'n juffrou wees soos sy."



As jy vir 'n dag plekke kon ruil met enige karakter uit 'n boek of fliek, wie sou dit wees en hoekom?
"Ek sou met Bluey wou plekke ruil, want sy het baie maatjies en beleef elke dag nuwe avonture saam met haar sussie, Bingo."

Wat is die snaakste ding wat al ooit met jou gebeur het by die skool?
"Met die eerste kouefront hierdie jaar het ek my pajamabroek onder my KDA-sweetpakbroek aangehou. Maar juf. Lauren sien toe my blou *French puppy dog*-broek se rek uitsteek!"

As jy 'n geheime talent kon hê, wat sou dit wees?
"Om in verskillende dele op te *split* sodat ek AL die klasse by skool kan bywoon en kan sien wat die juffrouens doen; AL die kinders kan leer ken en my werk baie goed kan verstaan!"



Atletiekseisoen: Baie reën beteken nie minder pret nie

Romé Pretorius

Met elke treë, stoot, gooi of sprong het Louwtjie-atlete hul bes gegee in die 2025 atletiekseisoen.
Ons het gewen en verloor; daar was glimlagte en trane, en hoog- en laagtepunte, maar deur alles het vriende mekaar ondersteun.

'Rain, rain, go away...'

Dit was 'n baie nat somer en ongelukkig het 'n klomp atletiek-byeenkomste hierdie jaar uitgereën.
Nadat Interlaer uitgereën het, het LLG ons velde aangebied om die items te voltooi wat nog moes plaasvind.

GP-atlete

Wie's die atlete wat deurgedring het na die Gauteng Atletiek Kampioenskap?

- Lente Raath (langafstand)
- Andrew Knight (verspring)
- Charlotte Spangenberg (verspring)
- Christopher Britz (verspring en langafstande)
- Tristen Schmidt (gewigstoot)
- Carter Leipoldt (gewigstoot)
- Ruben de Jager (diskus)
- Kaylee Buitendacht (gewigstoot)
- Nelia Holtzhausen (verspring)
- Romé Pretorius (verspring)
- Lara Van Tonder (diskus)
- Reder van Tonder (spiesgooi)
- Adriaan Reyneke (verspring)

Hier is wat 'n paar graad 7 atlete te sê oor al die reën tydens die atletiekseisoen:

Ingemari Griffioen: "Ek was teleurgesteld, want ek wou graag met my vriende deelneem."

Adriaan Reyneke: "Ek het so uitgesien om verspring te doen en miskien weer oor die 5m spring."

Lara van Tonder: "Ek was so hartseer, want ek wil by byeenkomste maatjies maak van ander skole."

Reder van Tonder: "Ek was kwaad, want ek het baie na dit uitgesien."

Nelia Holtzhausen: "Ek was baie teleurgesteld dat ek nie kon hardloop, spring, stoot en gooi nie."